<u>Skriflesing:</u> Levitikus 24:10-23
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 36**
Teks: Psalm 96:8
Sing- SAMESANG: Ps 88:1,10
TYDENS EREDIENS: Ps 8:1,2,7; Ps 86:6; Ps 145:1,5,12

Die Naam van die Here is waaroor die derde gebod handel. Broeder en suster dit is asof die Woord van die Here aanmekaar beklemtoon hoe belangrik God se Naam is. Ons kan dit so beskou dat die eerste gebod in die derde gebod op sy skerpste kom staan. In die eerste gebod het dit gegaan oor God wat die enigste God is. Die tweede gebod het gehandel oor hoe ons God moet dien. Nou gaan dit werklik oor God Self. God se Naam is die openbaring van sy volle wese. Dit gaan werklik om God Self wanneer ons sy Naam aanroep. Sonde teen die Naam van die Here sny werklik ten diepste want dit gaan dan nie maar oor ’n dag van God wat ek oortree of teen enige van sy skepsele waarteen ek my stamp nie, maar om teen God se Naam te oortree is om teen God in sy volle wese soos wat Hy Hom openbaar te sondig.

Die Kategismus stel dit vir ons dat hier het ons met die grootste sonde te doen. V/A 100 staan dit bymekaar- **Daar is geen groter sonde as die lastering van sy Naam nie. Daar is geen groter sonde wat God ook meer vertoorn as die lastering van sy Naam nie.** In Levitikus 24:10 het ons gelees hoe God Self bepaal het daar met daardie man, die seun van Selomit, gedoen moet word wat sy Naam gelaster het. Hy moes gestenig word. Ja die man sou verskonings wou aanbied. Ek was kwaad, daar het dit gebeur toe ons getwis en gebaklei het. Nou het hierdie man God se Naam aangerand. Daar is egter geen verskoning wat hier na vore kom wat maak dat God hierdie man nie meer sou straf nie.

Vandag sou ons wonder is God nog so ernstig oor hierdie sonde. Kan ons vanuit die Nuwe Testament aflei dat God nie meer so ernstig is oor die ydellik gebruik van sy Naam nie. Dan moet ons sommer dadelik daarop wys. Dit is nog ernstiger. God se Naam het in nog groter heerlikheid deel van God se openbaring geword. Ons het nou God se Naam in volle heerlikheid ontvang. Die straf in die Ou Testament op die misbruik van die Here se Naam was die liggaamlike dood, soos met die man in Levitikus gebeur het, maar die straf in die Nuwe Testament op die misbruik van God se Naam is nie meer die eerste dood nie, maar die tweede dood- die verdoemenis, die straf in die hel. Ons kan dit baie

duidelik hoor as die Here Self sê in die nuwe verbond sê daar is wel sonde wat tot die dood toe is. Hierdie dood is dan veel erger as die liggaamlike dood, want het ons te doen met die sonde teen die Heilige Gees wanneer God se Naam gelaster word en wie die Heilige Gees laster doen 'n onvergeeflike sonde. Die karakter van hierdie sonde lê in die blote feit dat daar in die ydellik gebruik van die Here se Naam vyandskap gestel word. Vyandskap teen die openbaring van die Here Self want God se Naam is vir God Self van die hoogste belang. God Self openbaar sy Naam, die uitdrukking van sy wese, die openbaring van God en sy Naam is één!

Hoe ons God mag noem is wonderlik. Dit is asof ons God Self dit elke keer hoor sê dat die waarde van sy Naam oor die ganse aarde staan. In Ps 8 sing die digter, *Here, ons Here, hoe wonderbaar is U Naam oor die hele aarde…*Spreuke 18;10 lees ons – *Die Naam van die Here is 'n sterk vesting; die regverdige vind daar skuiling.* In Numeri 6 het ons eintlik die grootste wat ons aan kan dink dat die Naam van die Here beloof God se seëninge aan sy kinders. Soos wat hierdie seën van Numeri 6 baie keer aan die einde van 'n erediens tot ons kom dan is dit beslis nie maar net bedoel as mooi woorde nie. Met hierdie Naam van God, ja ons word in die Naam van die Here gegroet en so kan ons geseënd die lewe ingaan! Ontvang dan die seën van die Here in sy Naam. So kan daar vanuit hierdie besef van Wie God is en wat sy Naam is geseënd gelewe word. God wat sy Naam op ons lê- Aan die einde van die besondere seën in Num 6 dan staan dit ook daar- *So moet hulle dan my Naam op die kinders van Israel lê; en Ek sal hulle seën.*

Ons het met die Naam van die Here beslis nie maar net met 'n noemnaam te doen nie. God se naam is veel eerder wat ons kan noem 'n gedenknaam. God sê in sy Naam Wie Hyself is, en wat Hy doen en wat Hy beloof om nog verder te doen. God waarborg eintlik sy seëning met sy Naam, so word dit 'n Naam waarin God sy beloftes verseël. Ons besef maar eintlik net keer op keer God se Naam staan vir God Self. Lastering van sy Naam is lastering teen God Self Soos die tweede gebod is die derde gebod ook 'n gebod met 'n bedreiging. Die enigste twee gebooie wat so geskryf staan.

Ons kan ons hier self die toestand voorstel soos mens baie keer op van die ouer spoorweghaltes gekry het. Daar loop ’n treinspoor oor die pad en die rooi ligte begin flikker wat aanwys daar is ’n trein oppad. Om daardie rooi ligte te ignoreer, om te maak of dit nie so ernstig is nie, is om jou teen die trein vas te ry. God waarsku duidelik soos wat ’n rooi lig ons waarsku- *die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik nie ongestraf laat bly nie.* Dit staan alles later in noue verband met wat die Here ook in Matt 12 gesê het. Die Fariseërs het vir Jesus verwyt dat Hy deur Beëlsebul die owerste van die bose geeste dan ook bose geeste uitdryf. Hier laat Jesus die rooi lig vir die Fariseërs flikker as Jesus dan vir hulle sê – alle lastering kan mense vergewe word maar die lastering teen die Gees sal nie vergewe word nie. Ons moet dit reg verstaan dat lastering teen die Seun van God is lastering teen die Heilige Gees. Dit staan nie maar net in verband met die derde persoon van die Drie-Eenheid nie, maar dit is lastering van die Drie-Enige God.

Die Fariseërs het beslis baie goed geweet hier is God aan die werk toe Jesus die man wat met blindheid en stomheid geslaan was genees. Hulle doen wel bewus die verskriklike sonde om dit wat hulle weet van God af kom sleg te maak en af te maak asof dit die duiwel se werk is. Erger kan dit nie! Terwyl Jesus na sy mensheid gelaster word het daar wel nog die ruimte gewees dat dit vergewe sal kan word maar die lig wat ons moet sien flikker dat Jesus in sy heerlikheid sal toeneem wanneer die tyd van vernedering verby is, dit word Pinkster, dan sal daar geen verontskuldiging meer wees nie. Ná Pinkster is lastering teen die Seun van God dieselfde as lastering teen die Heilige Gees. Dan is lastering teen die Seun van God net onvergeeflik soos lastering teen die Heilige Gees. Weë die mens wat dan nog die werk van Jesus duiwelswerk noem!

As Christus in sy heerlikheid opgeneem word het ons die volle openbaring van God. In Christus het God ons nou alles gegee, daar is niks meer wat God ons wil gee om ons tot bekering te bring nie. Wanneer iemand dan nog steeds aanhou nadat God alles gegee het wat gegee kan word . sy heerlikheid is voltrek dan word hierdie sonde in ander lig gesien as wel daardie sonde van die mens wat Jesus nog toe Hy aan die kruis gehang het en hulle Hom gesmaad het. Daardie lastering sou selfs nog vergewe word. Na sy Godheid mag

Jesus op geen wyse gesmaad word nie, terwyl op aarde dit na sy mensheid nog vergewe kan word. Na sy Godheid glad nie!

In Christus het ons in alle geval die volle werklikheid van God se heerlikheid. Christus is waarlik dieselfde HERE, as die Een wat met Moses gepraat het. Moses was besig om sy skoonpa Jetro se skape op te pas. In ’n vuurvlam uit ’n brandende doringbos word eintlik die derde gebod uitgestraal in elke vuurvlam. Daar praat die Engel van die HERE met Moses, maar hierdie Engel is niemand anders nie as die Seun van God in Ou-Testamentiese verskyning. Die vraag na Wie Hom openbaar word ’n vraag na die Naam van God. Dan kom die geweldige van wat God se Naam is- EK IS WAT EK IS…In kort sê God gewoon my Naam is EK IS…In alles wat God is, is Hy ook sy Naam, dit was nog altyd so, vir ewig is Hy Wie Hy is…Ek is wat Ek is…Sy Naam wat ewig is, wat brand maar nie uitbrand nie, soos die vuur in daardie bos, dit brand, maar dit brand die bos nie uit nie. So onaantasbaar is en bly God se Naam.

Na die sondeval het die Here nie net vir Homself Naam gemaak as Skepper nie, maar ook as Verlosser. Hierin kies die Here weer vir Homself ’n besondere Naam uit. ’n Naam wat God op sy skepping en skepsele neerlê, waarin Hy ons sal behoed, sal seën , ’n Naam wat spreek van genade en in vrede met sy kinders sal leef. Die mens wat die tuin ’n woestyn gemaak het, in Numeri 6 het die volk in die woestyn al ’n sware pad agter die rug, maar juis daar in die woestyn gee die Here wéér sy Naam en plaas Hy as’t ware sy Naam op hulle as Skepper-Verlosser. Hy wat weer alles gaan nuut maak, Hy lei sy volk na ’n land wat oorloop van melk en heuning, maar die ware oorlope sal kom op die nuwe aarde onder ’n nuwe hemel, waar weer ’n tuin gereed sal wees, ’n leeu lê langs die lam, maar dit word meer as ’n tuin, dit word ’n stad met die glinster en straal van dit wat edel is en mooi sal wees. God se Naam is nou reeds in die volle mooi van wat kom teenwoordig.

Dit alles laat ons al hoe beter begryp hoekom die Here so oor sy kosbare Naam waak. Hierdie Naam moet nie ligvaardig gebruik word nie, dit wat bedoel word moet dit nie ydellik gebruik nie. Ydellik hou verband met ’n niksheid, ’n nietigheid, dit is sommer lig,

maar soos ’n veertjie. Dit het dan met ligsinnigheid te doen. Ligsinnige grappies oor die hemel is om oor God ligsinnig te wees. Dan word die Here se Naam gebruik sonder om na te dink oor die grootheid en heiligheid van God. In alles wanneer God se Naam oor my lippe kom, dan moet ek reeds gedink het, reeds moet Hy in my hart wees vóór sy Naam maar sommer in my mond mag wees. Moet nie die Naam gebruik soos die man in Lev. 24 wat so deur die Naam van God eintlik krag by sy eie woorde wou sit nie. Dit is reeds misbruik van die Here se Naam en dit word dieselfde as om te laster.

Waar ons nou op baie maniere gesien het hoe God se Naam en sy openbaring één is, moet ons baie beslis nie stilbly as iemand anders God se Naam laster nie. Wie swyg staan net so skuldig voor die Here soos die persoon wat dan laster. Die Kategismus stel die saak van swye hier baie ernstig- **Ons mag nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie…** Ons moet hier ’n doelbewuste mens wees, doelbewus daarop uit wees om die skuldiges teen te gaan en God se Naam in die hoogste eer te hou. Al is dit baie keer nie maklik nie word dit in alle omstandighede van ons geëis. In die hart van die Naam van God daarin is die hart van God. Christus praat ook uit sy hart uit as ons Luk 12:8-9 lees- *En Ek sê vir julle: Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal die Seun van die mens ook bely voor die engele van God. Maar hy wat My verloën voor die mense, sal verloën word voor die engele van God.*

***

Ons word deur die Wet van die Here in hierdie gebod nie net gebring teen wat die verkeerde gebruik van God se Naam is nie, maar baie belangrik moet ons ook handel oor die regte gebruik van die Naam van die Here. Dit wat in Ps 96:8 ook staan- *Gee aan die Here die eer van sy Naam…*Die Kategismus stel dit heel duidelik- **Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie…**Die regte gebruik van die Here se Naam gaan dan daaroor dat Hy deur ons **reg bely word, Hy moet reg aangeroep word** (vgl. weer die 2de gebod) **en Hy moet in al ons woorde en werke geprys word.**

Dit laat ons reeds besef, broeder en suster, dat mens tog die Naam deeglik moet kan gebruik, ons moet nie bang of skaam wees om oor God te praat nie. Om God te bely is ’n

weerwoord, ’n antwoord op wat reeds God se Woord en God se Naam is. Ek moet daarop kan reageer. Die wese van om te bely is altyd ’n vereiste, dit is waarom ons belydenisskrifte in ons harte moet wees, nie net op papier nie.

Jesus stel dit baie duidelik in sy gebed in Joh.17:26. *En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle.* Dit is geweldig groot dit wat Jesus hier bid. Daar moet op die regte wyse op God se Naam gereageer word. Hierdie reaksie mag nie in die geheim geskied nie, maar dit moet in die openbaar gebeur. Teenoor alle mense moet ons elkeen persoonlik kan getuig Wie God vir my is. Die Twaalf Artikels is reeds baie oud en daarin het die kerk van alle eeue ons eintlik voorgegaan in die regte gebruik van die Here se Naam. Christus wat as Seun van God bely moet word vorm eintlik ’n kern stuk in al ons belydenisse. Die belydenis van Nicea en Athanasius wil ook die Naam van die Here reg gebruik teenoor die kettery van Arius en sy meelopers wat die Godheid van Christus verloën. Die regte belydenis kan alleen reg wees in die waarheid daarvan. Met geesdrif en besieling moet daar vir God se Naam in hierdie wêreld opgekom word. Elke Psalm of selfs liedere buite die erediens, elke gebed, elke preek, moet God se Naam in eer en waarheid hou. Met dieselfde eer en waarheid moet dit opklink.

Iemand wat neutraal staan, soos wat die neutraliteit beginsel op die oor af so sober en mooi mag klink, is in ons land baie gewild en word deur baie aangeprys. Geliefdes neutraliteit is oortreding van die derde gebod! ’n Kamtig neutrale skool, neutrale wetenskap, neutrale pers en uitsaaiwese, hetsy televisie, radio, koerante, neutrale reg, noem maar op, as iets neutraal staan met die bedoeling dat die Naam van God op hierdie en dergelike terreine nie genoem mag word nie om kamtig nou nie aan andersdenkendes aanstoot te gee nie. Dit gee in alle geval vir God aanstoot en is niks anders as goddeloosheid wat ’n triomf vir Satan is. Jesus het Self gesê- *Wie nie vir My is nie, is teen My!* (Vgl Luk 9:50).

In alles moet ons terugkom na Psalm 96- *Gee aan die HERE, die eer van sy Naam.* Hier in Psalm 96 lê ’n baie diep beginsel. God het eerste gegee. Ek sou Hom nie kon eer as

ek Hom nie ken nie. Ek sou Hom ook nie kon ken as Hy Homself nie aan my geopenbaar het nie. Dit is eintlik weer in alles so wonderlik om die evangelie van God ook in die derde gebod te hoor – Dit wat aan die begin van die Wet staan- *Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland uitgelei het-* Wanneer ons dit elke keer eerste mag hoor, mag ons dan dadelik sê - *Gee aan die HERE, die eer van sy Naam.*

Ons kan nie gee as die Here nie gee nie. Ons gee word eintlik voorafgegaan deur die gee van die Here. Die derde gebod is hierin eintlik onlosmaaklik in Christus verbind. God het eerste vir Christus gegee, daarin het God reeds gewys dat Hy ons eerste liefgehad het, en God het sy Naam verheerlik deur Homself in Jesus Christus aan ons te gee. Watter mooie dankbaarheid kom eintlik na vore deur die derde gebod na te kom.

Neutraal kan ons nie hierteenoor wees nie. Wie neutraal is teenoor die openbaring van die Here is alles behalwe iemand wat die liefde vir die Here se openbaring kan agterhou. God sal Self die heiligheid van sy Naam in ere hou, want moet ons dit nie vergeet nie- *want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, <u>nie ongestraf laat bly nie.</u>*

Die erns van wat ons hier mee te doen het, die lastering, die sonde teen die Heilige Gees, dit wat die grootste sonde is, dit wat nie vergewe kan word nie, is die erns van V/A 100. Die Here is altyd die Waarmaker van sy Woord. In Lev 24 is daardie man gedood want die Woord het dit so bepaal dat so moet met so ’n man gedoen word. Dit het waar geword. God is ’n Waarmaker van sy hele Woord, God maak ook sy strafwoorde waar.

Jesus het hierin die verskriklikste gely. Hy wat die Waarheid is, Hy wat die Woord van God is. Weet u, broeder en suster, die verskriklikste wat kon gebeur het met Hom gebeur. Hy is deur mense op grond van hierdie gebod aangekla, Hy is veroordeel vanweë beweerde Godslastering. Kajafas wat die derde gebod intrek deur Jesus onder eed te wil bring- Matt 26:63-66- *En die hoëpriester antwoord en sê vir Hom: Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is? Jesus antwoord hom: U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel. Toe*

verskeur die hoëpriester sy klere en sê: Hy het godslasterlik gespreek, wat het ons nog getuies nodig? Kyk, nou het julle sy godslastering gehoor! Wat dink julle? En hulle antwoord en sê: Hy is die dood skuldig.

Jesus is gedood maar laat ons Jesaja 53 nie vergeet nie- *Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtigheid is Hy verbrysel.* Christus is die Een, die Enigste wat kon swyg toe Hy moes swyg en wat gepraat het toe Hy moes praat. Hy wat in ons plek kom staan, ons wat baie keer praat waar ons eintlik moes geswyg het, en waar ons swyg is dit baie keer teenoor hulle wat lasterlik praat, ydellik praat dan bly ons maar liewer stil. Mag dit tog eintlik meer wees dit wat ons moet word- *Gee aan die Here die eer van sy Naam.*

AMEN

Vrae uit Sondag 36

1. Waaroor handel die derde gebod?
2. Wat beteken die Naam HERE?
3. Wat het die seun van die Israelitiese vrou in Lev 24 gedoen?
4. Wat was die vonnis oor die man?
5. Hoe ’n groot sonde is volgens die Kategismus die oortreding van die derde gebod?
6. Kan God se Naam en sy wese (Wie God is) van mekaar geskei word?
7. Hoe word die oortreding van die derde gebod as sonde in die Nuwe Testament aangedui? Kan hierdie sonde vergewe word?!
8. Wat lees jy in Psalm 8, Spreuke 18 en Numeri 6 van die Here se Naam?
9. Wat maak die einde van Numeri 6 heel besonders?
10. Is die Naam van die Here maar net ’n noemnaam of watter Naam is dit eintlik? (onderaan p.2)
11. Hoeveel gebooie staan in die Wet van die Here waar daar dan dadelik ook ’n bedreiging by die gebod staan?
12. Op watter wyse het die Fariseërs in Mattheus 12 die derde gebod oortree?
13. Verduidelik hoekom die smaad van die mense toe Jesus nog aan die kruis gehang het vergewe kan word, maar dat Wie Jesus nou laster onvergeeflik sondig? (einde p.3)
14. Wie het met Moses in die brandende doringbos gepraat en wat het Hy gesê toe Sy Naam gevra word?
15. Is grappies oor die hemel iets waaroor ons maar kan lag?
16. Is dit reg deur eerder maar net stil te bly as iemand sulke grappies vertel of ek hoor dat iemand die Here se Naam ydellik gebruik?
17. Hoe kan die Here se Naam reg gebruik word?
18. Is dit belangrik dat jy God se Naam moet kan bely?
19. Kan ons uit onsself aan die Here die eers van sy Naam gee?

20. Op watter wyse is Jesus op oortreding van hierdie gebod beskuldig?